

## **Pastorale sorg aan oorlogsbalinge: Petrus Postma se werk in Ceylon**

*Rikus Fick*

Skool vir Kerkwetenskappe en Antieke Tale, Fakulteit Teologie,  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Suid-Afrika

### *Opsomming*

Petrus Postma het waardevolle en gewaardeerde pastorale sorg gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Diyatalawa-kamp in Ceylon gelewer. Hy was die seun van die eerste predikant en eerste teologiese professor van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Dirk Postma. Hy was predikant van die Gereformeerde Kerk in Pretoria toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek. President Paul Kruger was lidmaat van hierdie gemeente en Postma se verbintenis met hom was waarskynlik die rede waarom hy na die Diyatalawa-kamp in Ceylon verban is. Die oorlog het Postma se benadering tot pastorale bediening ingrypend beïnvloed. Hierdie artikel wil aantoon hoe ingrypend hierdie invloed was deur briewe, kerkraadsnotules, oorlogsdagboeke, preke en ander relevante bronne te raadpleeg. Sy pastorale sorg in die kamp het egter ná sewe maande feitlik tot stilstand gekom toe sy vrou by hom aangesluit en hy parool gekry het om elders te gaan woon. Die rede hiervoor word ook ondersoek.

### *Abstract*

#### **Pastoral care for war exiles: the work of Petrus Postma in Ceylon**

Petrus Postma rendered esteemed and valuable work as pastor during the Anglo-Boer War in the Diyatalawa Camp in Ceylon. He was the son of the first pastor and first professor of theology of the Reformed Churches in South Africa, Dirk Postma. He was the pastor of the Reformed Church in Pretoria at the outbreak of the Anglo-Boer War. President Paul Kruger was a member of this congregation and Postma's association with him was apparently the reason why he was exiled to Ceylon. The war had a profound influence on Postma's approach to pastoral care. This article intends to show how profound this influence was by looking at letters, minutes of church councils, war diaries and several other relevant sources. His pastoral care in the camp all but ceased after seven months when his wife arrived in Ceylon and he was granted parole to live elsewhere. The reason for this is explored.

### **Inleiding**

Belangstelling in die Anglo-Boereoorlog het opnuut in Suid-Afrika opgevlam met die eeufeesviering daarvan. Nuwe publikasies oor hierdie oorlog in die algemeen, soos dié van Jacobs (2003) en Cheadle (2004), en die Boerekrygsgevangenes in die besonder, soos dié van Wessels (2010), het in die onlangse verlede verskyn. Ook godsdienstige aspekte van die oorlog is uit verskeie hoeke (her)bekyk, soos die werk van Britz (2003, 2007) en De Villiers (2009). In die geleedere van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het daar ook 'n nuwe belangstelling in eie kerkgeskiedenis opgevlam met die 150-jarige herdenkingsfees in 2009. Nagraadse studie, soos dié van Coetzee (2010) en die totstandkoming van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van die GKSA op 3 September 2010 in Potchefstroom, is bewyse daarvan.

Petrus Postma is, wat die Anglo-Boereoorlog betref, vir die geskiedenis van die GKSA van belang. Hy was die enigste predikant uit hierdie kerkverband wat tydens die oorlog na 'n oorsese krygsgevangenskap verban is (Postma 1904:19).<sup>1</sup> Hy was gedurig in die kalklig as seun van die eerste predikant en teologiese professor in die GKSA, Dirk Postma, en het 'n prominente rol gespeel in die kerk en onderwys. President Paul Kruger was tydens die oorlog 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk

---

<sup>1</sup> Daar was wel 'n teologiese student van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, Johannes Hendrik Kruger (later predikant van Molteno en Postmasburg), wat op 10 Mei 1900 by Ventersburg gevange geneem en ook na die Diyatalawa-kamp verban is. Hy het daat as onderwyser diens gedoen (Laufs, 1982:73,74).

Pretoria. Aangesien Postma in hierdie tyd predikant van dié gemeente was, het die Britse militêre owerhede besondere belangstelling in hom getoon. Sy verbintenis met Kruger was waarskynlik die (politieke) rede waarom hy na Ceylon verban is.

Met hierdie artikel word beoog om aandag te gee aan 'n aspek wat nog nie nagevors is nie, naamlik die aard van Petrus Postma se pastorale sorg gedurende die Anglo-Boereoorlog. Eers word 'n kort biografie van Postma gegee, daarna 'n beeld van hoe die uitbreking van die oorlog die aard van sy pastorale bediening beïnvloed het, gevolg deur sy pastorale sorg aan die krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp op Ceylon, en uiteindelik enkele gevolgtrekkings. Benewens sekondêre bronne is ook verskeie dagboeke wat deur krygsgevangenes in die Diyatalawa-kamp gehou is, korrespondensie van Postma, tersaaklike kerkraads- en sinodale notules en ander relevante bronne geraadpleeg.

## Enkele biografiese besonderhede van Petrus Postma<sup>2</sup>

Petrus Postma is op 21 Januarie 1854 in Zwolle, Nederland, gebore. Hy was die derde kind van ds. Dirk Postma en sy eerste vrou, Ida Sijpkins. Sy vader het in 1858 as 'n wewenaar na Suid-Afrika gekom en Petrus, sy broer en drie susters het in Julie 1860 by hulle vader in Suid-Afrika aangesluit.

Hy was 'n begaafde student en het, nadat hy van 1870 tot 1874 aan die Gill College in Somerset-Oos onder die leiding van dr. John Brebner studeer het, in 1874 die B.A.-graad in Lettere en die Natuurwetenskappe aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop met lof verwerf.<sup>3</sup> In Maart 1875 word hy aangestel as onderwyser aan die Paarl Gimnasium, maar het ná 'n paar maande die pos verlaat as gevolg van 'n klaarblyklike senu-ineenstorting. In Augustus 1875 word hy aangestel as assistent vir sy vader by die Teologiese Skool in Burgersdorp. Teen Oktober bedank Petrus egter. Nadat hy vir 'n kort rukkie 'n besigheid in Philipstown bedryf het, word hy aan die begin van 1877 verkies tot die eerste voltydse *professor literarum* aan die Teologiese Skool.<sup>4</sup> In dieselfde jaar begin hy met sy teologiese studie en lê op 30 April 1879 sy proponentseksamen af. In November 1879 word hy in die plek van sy vader as predikant van Burgersdorp beroep. Hy aanvaar die beroep en word op 6 Maart 1880 as predikant bevestig. Hy bedien vervolgens die gemeentes Pretoria (1882-1904),<sup>5</sup> Zeerust-Lichtenburg (1904-1906) en Heidelberg (1906-1919). Gedurende hierdie bykans veertig jaar in die bediening het hy vanaf 1889 tot 1919 op die kuratorium van die Teologiese Skool gedien en was ook verskeie kere die voorsitter daarvan. Hy is ook dikwels tot die moderamen van verskeie vergaderings verkies.

Petrus Postma was 'n vurige yweraar vir Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) (kyk Van der Vyver s.j.:40-44; 64-66 en Pelser & Van der Schijf 1965:163-175). Kort nadat hy as predikant bevestig is, is hy deur die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie gekies tot voorsitter van 'n kommissie vir onderwys in die Kaap (*De Maandbode* 1.3.1882). Ná die ontslag van die superintendent van onderwys, ds. SJ du Toit, het dr. WJ Leyds, die staatsekretaris van die ZAR, hom vir die pos aanbeveel, maar is hy uiteindelik nie aangestel nie. In Desember 1889 is hy weer as *professor literarum* van die Teologiese Skool beroep, maar het dit nie aanvaar nie.<sup>6</sup> In 1893 is hy benoem as kurator van die Staatsgimnasium in Pretoria. Hy het hierdie betrekking beklee tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. As kurator van die Teologiese Skool was hy 'n belangrike dryfkrag agter die ontstaan van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys. Sy leuse "*Laat ons streven naar eene volmaakte vrijheid in de school sowel als in de kerk*" (*De Maandbode* 1.4.1881) som die dryfkrag agter hierdie werk van hom op.

<sup>2</sup> Vir volledige biografiese gegewens oor Petrus Postma, kyk d'Assonville & Van der Linde 1987:641; Krüger 1991:146-149; Pelser & Van der Schijf 1965:46-60; Van der Schijff 2003:21-27 en Van der Vyver 1969:35-39.

<sup>3</sup> Ds. Dirk Postma moes kritiek verduur omdat hy sy twee seuns, Petrus en Marthinus, nie na die Teologiese Skool in Burgersdorp vir opleiding gestuur het nie. In die Sinode van 1873 het hy sy optrede soos volg verdedig: "*Omdat ik daar voor hun literarische bevordering de beste gelegenheid vond*" (Acta:560). Dit het, so blyk dit, vir hom oor die standaard van opleiding gegaan. Petrus Postma kyk in 1904 in sy toespraak by die opening van die Teologiese Skool op Potchefstroom terug na sy studiejare by die Gill College. Hy beoordeel dit so: "*(Ik) studeerde Letteren en Matheses in een vreemde omgeving en niet onder bezieling en besturen van de Gereformeerde grondgedachte. Vandaar dat (ik) naar den mensch gesproken voor de Kerk verloren was en eerst wonderlijk door God moest teruggeleid worden*" (Postma 1909:137).

<sup>4</sup> Sy verkiesing het nie sonder spanning verloop nie. Daar was 'n staking van stemme en die lot moes uiteindelik gewerp word. Van der Schijff (2003:23) skryf die klaarblyklike huiwering om hom te verkies toe aan sy senu-toestand en die gepaardgaande swak rekord as werknemer.

<sup>5</sup> Pelser & Van der Schijff (1965:46) sê dat daar 'n bepaalde rede was waarom hy so kort ná die oorlog die beroep na die plattelandse gemeente in Zeerust aanvaar het: as vurige vaderlander het hy hom nie meer tuis gevoel onder die Engelse bestuur wat in Pretoria gesetel was nie.

<sup>6</sup> GKSA: Kerkraadsnotule van die Gereformeerde Kerk Pretoria van 27 Desember 1889. 1.1.4.

Petrus Postma was drie keer getroud,<sup>7</sup> maar het geen kinders gehad nie. Enkele ure nadat die kerkraad van Heidelberg by sy vergadering van 4 Oktober 1919 besluit het om sy emeritaat aan te beveel, is hy skielik oorlede.

### Die invloed van die uitbreek van die oorlog op Postma se bediening<sup>8</sup>

Die eerste en sekerlik belangrikste pastorale werk wat hy as gevolg van die oorlog moes doen, was die bystand wat hy aan president Paul Kruger moes gee in die maande voor en ná die uitbreek van die oorlog. Postma (1905:26) vertel dat hy in hierdie tyd moeilike vrae van Kruger moes trotseer, soos: “*Wat is plicht?*”, “*Wat zal tot het heil des volks zijn?*” en “*Wat is Gods wil?*” Hy moes aanhoor hoe Kruger onder die besef geleef het dat hy eendag voor die Regter van hemel en aarde moes verskyn en gevrees het dat hy sou moes hoor: “*Gij waart ontrouw!*”

Op 30 September 1899 verlaat die Pretoria-kommando onder die aanvoering van generaal DJE Erasmus Pretoria per trein. Hulle slaan kamp op naby Volksrust waar hulle op 13 Oktober die Buffelsrivier (die grens na Natal) oorsteek (Breytenbach 1969:169). Net voordat hulle die rivier oorsteek, skryf een van die kommandolede, D van Warmelo (1977:12), die volgende: “*Ds Postma, who accompanied us everywhere, led us in prayer*”. In sy oorlogsdagboek meld J.D. du Toit dat hy op Maandag 23 Oktober vir Postma in Dundee by die “Pretoria Ambulance” ontmoet het. Hy het dus die kommando tot in Natal vergesel. Hy is teen Woensdag 15 November terug in Pretoria (kyk d’Assonville 2001:25).

Postma se aanstaande swaer,<sup>9</sup> proponent JD du Toit (die later bekende teoloog en digter Totius) het ná die uitbreek van die oorlog as Kaapse rebel in verskeie Boerelaers pastorale sorg verskaf. In November 1899 bevind Du Toit hom in Pretoria en gaan vir enkele dae by die Postmas tuis voordat hy verder reis om na die geestelike behoeftes van die Boerekommando’s in Wes-Transvaal om te sien. Toe die Engelse die Kaapse rebelle vanuit die suide met mening begin jag, word Pretoria vir hulle ’n toevlugsoord. Du Toit kom in Maart 1900 in Pretoria aan waar sy verloofde haar ook bevind. Vir Postma is dit ’n uitkoms. Die geestelike versorging van president Kruger verg soveel tyd en aandag van hom dat Du Toit se hulp in die gemeente en sy prediking op Sondag goud werd is. Daar ontstaan ’n geleentheid vir Du Toit om in Nederland te gaan studeer. Die besluit om te gaan vind egter nie sonder wroeging plaas nie. Hy wil steeds sy landgenote bystaan en dit is ook swaar vir hom om sy verloofde agter te laat. Hierin moes Postma hom en sy verloofde bystaan totdat hy tog eindelijk op 21 Mei 1900 na Nederland vertrek (d’Assonville 1993:69, 76-79).

Op 29 Mei 1900 moes Kruger Pretoria vir goed verlaat. Postma is enkele weke daarna, in Junie 1900, gevange geneem en het op 9 Augustus saam met die eerste ballinge op die *Mohawk* in die hawe van Colombo (Ceylon) aangekom. Op die skip was daar 113 Transvalers en 129 uitlanders (Brohier 1946[1]:5).

Vir die Gereformeerde Kerk Pretoria was die verbanning van hulle predikant ’n gevoelige slag. Hy is gevange geneem sonder dat hy enige misdaad gepleeg het en sonder enige verhoor (d’Assonville 1993:101).<sup>10</sup> Hulle het talle pogings aangewend om hom te laat terugkeer. Hulle het o.a. op 17 en 21 Januarie 1901 ’n versoek aan die militêre owerhede gerig dat Postma vrygelaat moes word, maar Lord Kitchener het dit nie toegestaan nie, of soos Majoor Maxwell, die sekretaris, dit gestel het: “*(he) doesn’t consider the moment opportune*”.<sup>11</sup> Die kerkraad moes later in ’n ongedateerde brief aan Postma skryf: “*Wij hebben elk wettig en eerlijk middel beproefd, om Uwe in vrijheidstelling te verkrijgen, doch het heeft ons niet mogen baten*”.<sup>12</sup> Een van hierdie middele was om ’n appèl te rig aan

<sup>7</sup> Sy eerste huwelik was met Maria Johanna Aletta Venter (2 Sep 1859 - 23 Jul 1908), sy tweede met Aafke Nienhuis (30 Des 1874 - 23 Jan 1914) en sy derde huwelik met Cecilia Johanna Venter (23 Okt 1883 - 19 Jul 1946) (Venter 2010).

<sup>8</sup> Die Anglo-Boereoorlog was nie die eerste geleentheid waartydens hy pastorale sorg aan krygers moes verleen nie. In *De Maandbode* van 1 Februarie 1883 gee Postma verslag van sy tiendaagse besoek in Desember 1883 aan die Boerestryders wat deelgeneem het aan die oorlog teen Mapog om, soos hy dit self gestel het “... *aan hulle geestelike behoeftes te voldoen*”. Vir president Kruger was hierdie oorlog, wat nege maande lank geduur het, ’n belangrike politieke kwessie (Postma 2002:89-90).

<sup>9</sup> Du Toit se verloofde, Maria (24 Jun 1881 – 3 Aug 1966), was die jongste kind van Dirk Postma en dus ’n halfsuster van Petrus. Sy is op 24 Julie 1881 in die Gereformeerde Kerk Burgersdorp deur haar pa gedoop en die diens is by hierdie geleentheid deur Petrus gelei (Venter 2010).

<sup>10</sup> Brink (1904:150) sê egter dat hy krygsgevangene geneem is omdat hy ná die Britse okkupasie, teen die bepalings van die militêre owerheid in, voortgegaan het om in Pretoria te preek. Die moontlikheid bestaan dat Brink, wat ook ’n krygsgevangene in die Diyatalawa-kamp was, dit persoonlik by Postma verneem het.

<sup>11</sup> GKSAA: Bylaes by notules van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria. 2.3.

<sup>12</sup> GKSAA: Bylaes by notules van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria. 2.3.

'n Engelse predikant, ds. James Gray, om sy invloed te gebruik.<sup>13</sup> Sy vrou het ook talle pogings in dié verband aangewend en selfs probeer reël dat hy ten minste na Nederland kon gaan.<sup>14</sup>

Die kerkraad was in voortdurende briefwisseling<sup>15</sup> met Postma betrokke en het hom ingelig gehou oor die wel en wee van die lidmate, die bywoning van eredienste, siekte, en sterfgevalle (soos die afsterwe van mevrou Kruger). Die besondere band met hom blyk byvoorbeeld uit 'n brief van 14 Julie 1901 van die kerkraad:<sup>16</sup>

*Wij danken U zeer voor uwe woorden van bemoediging en troost, van opwekking en vermaning, en wij vereenig ons met U in de bede, dat de Heere ons meer en meer getrouw moge maken en bekwamen tot alle goede werk... Het gemis van de bediening des Woords, der Sacramenten, en van het herderlijk besoek wordt altijd dieper gevoeld.*

Hy skryf op 1 Maart 1901 aan hulle hoe hy die skeiding met die gemeente ervaar:<sup>17</sup>

*Het is Gods weg mij van u voor een tijd te scheiden tot mijne beproewing – om terug te zien en mijn verledenen loopbaan te overdenken, en eens wanneer God ons weer te samen brengt getrouwer en ijveriger tot u terug te keren... Deze weg is tot uwe beproewing ... Gedenkt mij in uwe gebeden, ik heb er behoefte aan.*

### **Postma as banneling-predikant**

#### *Bannelinge tydens die Anglo-Boereoorlog*

Die oorlog tussen Groot-Brittanje en die Boererepublieke breek op 11 Oktober 1899 uit. Nege dae later is die eerste twaalf burgers in Natal deur die Britse magte gevange geneem, maar weer vrygelaat. Op 21 Oktober 1899 is sowat 185 burgers tydens die slag van Elandslaagte krygsgevangene geneem. Hulle is aanvanklik aan boord van oorlogsskepe in Simonsbaai aangehou totdat 'n kamp op die renbaan by Groenpunt in Kaapstad en die Bellevue-kamp by Simonsbaai aangelê is.

Dit was gou duidelik dat die Britse bevelhebbers nie voorbereid was om groot getalle krygsgevangenes ooreenkomstig die Haagse Konvensie van 1899 te hanteer nie. Buitendien het hulle nie so 'n uitgerekte oorlog voorsien nie (Van Schoor 1983:1). Hulle het die krygsgevangenes aanvanklik as tydelike maatreël in militêre kampe aangehou. Bevryding deur medeburgers op kommando het egter 'n wesenlike gevaar vir die Britse troepe ingehou. Die uiteindelijke oplossing was om kampe elders in die Britse Ryk in te rig. Daar was talle militêre kampe oorsee wat in onbruik verval en weer maklik opgeknip kon word. Die keuse het geval op eilande soos dié in Bermuda, St. Helena en Ceylon en die binneland van Indië, waar die kanse op ontsnapping minimaal was. Die eerste krygsgevangenes wat oorsee gestuur is, is na St. Helena geneem. Daar was uiteindelik 34 kampe in die buiteland waarheen die krygsgevangenes gestuur is en teen die einde van die oorlog was daar ongeveer 20 000 burgers in hierdie kampe (Pretorius 1998:49,51).

#### *Die Diyatalawa-kamp, Ceylon*

Kort nadat die eerste ballinge in St. Helena aangeland het, word die eerste kamp in Ceylon, naamlik Diyatalawa,<sup>18</sup> ingerig. Die oprigting daarvan was 'n direkte gevolg van die Anglo-Boereoorlog en die breinkind van die goewerneur van Ceylon, sir West Ridgeway (Wessels 2010:237). Voor die aanvang van die oorlog was die plek geografies bekend maar nog ongerep en onontwikkel (Van der Wall

<sup>13</sup> Kyk die kerksaadnotule van 3 Junie 1902 (GKSAA: Notules van die Kerkraad van Pretoria. 1.5.). James Gray was predikant van die Presbiteriaanse Kerk in Pretoria. President Kruger het in 1890 die hoeksteen van hulle kerkgebou in Schoemanstraat gelê. In die Anglo-Boereoorlog was Gray kapelaan van die Skotse Fusiliers onder genl. Buller. Ná die val van Pretoria (5 Jun. 1900) was hy bibliotekaris en kapelaan van die militêre hospitale in Pretoria (Andrews 1983:29,30).

<sup>14</sup> GAK: Brief van Postma aan ds. Gispen, 30 Januarie 1901. Archief De Cock. V.142.

<sup>15</sup> Hoewel die sensors in die kamp nie té streng was nie (kyk Brohier 1946[2]:39), blyk dit tog dat sommige van Postma se briewe onder die sensor se pen en skêr deurgeloopt het. Die kerkraad van Pretoria skryf in 'n ongedateerde brief aan hom (GKSAA: Bylaes by notules van die Kerkraad. 2.3) dat die skriba 'n persoonlike brief van hom ontvang het maar dat die meegaande brief aan die kerkraad wat daarby ingeslote moes wees, nie deur die sensor deurgelaat is nie. Dit blyk uit die dagboek van Venter (s.j.) dat briewe van Paul Kruger aan sy seun Pieter, wat ook in die Diyatalawa-kamp was, wel deurgelaat is.

<sup>16</sup> GKSAA: Bylaes by notules van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria. 2.3.

<sup>17</sup> GKSAA: Bylaes by notules van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria. 2.3.

<sup>18</sup> Die woord is afgelei van die Singalese “diya” (water) en “talawa” (golwende vallei) (Wessels 2010:237).

1929:103).<sup>19</sup> Op 9 Augustus 1900 kom die eerste 242 krygsgevangenes op die *Mohawk* in die hawe van Colombo aan en betrek die Diyatalawa-kamp. Uiteindelik is 5 126 krygsgevangenes met tien skepe na Ceylon geneem en in verskillende kampe op Ceylon gehuisves. Ongeveer 5 000 krygsgevangenes het in Diyatalawa te lande gekom (Wessels 2010:238).

Die Diyatalawa-kamp het bestaan uit sowat tagtig hutte wat twee “dorpies” gevorm en onder die krygsgevangenes as “Krugersdorp” en “Steynsburg” bekend gestaan het. Krugersdorp is hoofsaaklik deur Transvalers beset en Steynsburg deur die Vrystaters. Die kampowerhede moes dit doen omdat daar spanning tussen die twee groepe was oor die oorgawe van genl. Marthinus Prinsloo. Ná die oorgawe het gerugte die ronde gedoen dat hy die Boere aan die Engelse uitverkoop het teen ’n sjieling per kop (Wessels 2010:247-248). Die meeste offisiere en enkele predikante is in twee afgesonderde hutte in “Steynsburg” gehuisves. Hulle het verlof gehad om op bepaalde dae vir ’n beperkte tyd buite die kamp deur te bring en kon ook met spesiale pas Colombo en ander dorpe besoek (Brink 1904:123,126).

#### *Postma se posisie in die Diyatalawa-kamp*

Ná hulle aankoms op 9 Augustus 1900 kon die krygsgevangenes slegs onderlinge godsdiensoefeninge hou. Postma is nie toegelaat om te preek nie. Hy het wel op sy versoek toestemming gekry om van die tweede Sondag af te preek (Postma 1900:46), mits hy hom van politiek sou weerhou (Brink 1904:150). Een van die krygsgevangenes merk ná Postma se eerste diens op: “*wij waren allen verblijd om een leeraar in ons kamp te hebben*” (Pretorius, s.j. by 9 Sept 1900).

Die kampowerhede het nie altyd ontsag vir die godsdienstbyeenkomste van die Boere gehad nie. Op Kersdag 1900 was Postma besig met die Kersdiens, toe ’n Britse soldaat hom kom aansê om die diens te staak. Almal moes na hulle hutte toe teruggaan. Dit het geblyk dat ’n gevangene wat ontsnap het, gevang en na die kamp teruggebring is. Ironies genoeg meld Brink (1904:131) dat die tema van Postma se preek op daardie dag was: “*vrede op aarde en in den mensch een welbehagen*”.

Die voorreg het hom te beurt geval dat sy vrou en suster op 13 Maart 1901 by hom kon aansluit.<sup>20</sup> Hy ontvang parool en hulle gaan woon in Kandy<sup>21</sup> waar hulle ’n huis huur. Hy het ’n week tevore, op 5 Maart 1901, sy afskeidspreek gelewer met Psalm 142:4 as teks. Ds. Roux het by hierdie geleentheid ’n adres aan hom oorhandig (Van der Watt s.j.: by hierdie datum). In ’n brief aan ds. Gispen van Amsterdam<sup>22</sup> maak hy geen geheim van sy verligting om uit die kamp te wees nie. Hy beskryf dit as “*eene heerlijke verandering – na een kamp leven van 7 maanden*”. Die feit dat daar nog twee ander predikante in die kamp is, het hom meer “*vrijmoedigheid*” gegee om hom in Kandy te vestig. Nadat hy in Kandy gaan woon het, het hy gereeld saam met ds. Tweed van die NG Kerk in Colombo die twee kleiner kampe Ragama en Mount Lavinia besoek (Wessels 2010:284).

Dit blyk dat hy ten minste op 12 April 1901 (Fick, s.j.: by hierdie datum) en 11 Julie 1901 (Pretorius, s.j.: by hierdie datum) weer kort besoeke aan die Diyatalawa-kamp afgelê het. Ná die vredesluiting het Postma en sy vrou nie op een van die skepe wat die Engelse owerheid voorsien het, na Suid-Afrika teruggegaan nie. Hulle was finansiële in staat om self vir hulle passaat te betaal en het op 12 Augustus 1902 met die *SS Gera* na Suid-Afrika vertrek (Brohier 1947:116). In September 1902 is Postma terug in Pretoria en lei op 15 Oktober weer ’n volle kerkraadsvergadering – die eerste sedert 30 Maart 1900 (kyk Van der Vyver s.j.:59).

#### *Godsdienstige instelling van die Boere in die kampe*

Daar is baie getuienis oor die wyse waarop die Boere se godsdienstige instelling in hulle byeenkomste en optrede sigbaar geword het. Die inwoners van Ceylon het hulle as “*good men*” beskryf en die verpleegpersoneel het getuig van hulle goeie maniere en taalgebruik. Selfs die goewerneur, sir West Ridgeway, was aangeraak deur die manier waarop hulle die dood van hulle makkers verwerk het. Die mediese owerhede het ook hulle verbasing uitgespreek dat hulle nie ’n enkele geval van seksueel oordraagbare siektes by die Boere teëgekomp het nie, selfs al kon hulle met redelike vryheid onder die plaaslike bevolking beweeg waar hierdie siektes volop was (Brohier 1947:108-109).

<sup>19</sup> Van der Wall (1929:103) was daarvan oortuig dat die aard van die plek vir die Boere-krygsgevangenes aanvaarbaar moes wees: “*Here was indeed a suggestion of home for the prisoners of war. The distant mountains, the rolling veldt, the cold dry air – it was South Africa all over again. And besides, it was a land once colonised by men of their own blood and breed.*” Brink (1904:47,51) sê dat Ceylon inderdaad ’n land met pragtige natuurtonele en speserygeure is, maar die Boere se eerste indrukke was “*dat het een land is waarin men honger lijdt en het warm krijgt*”.

<sup>20</sup> Van Biljon (s.j.: by 5 Mrt. 1901) meld verkeerdelik dat Postma se *schoonsuster* saam met sy vrou gekom het.

<sup>21</sup> Daar was ’n gevangenis op Kandy wat krygsgevangenes wat ingevolge die een of ander militêre wet skuldig bevind is, gehuisves het (Wessels, 2010:241).

<sup>22</sup> GAK: Brief van Postma aan ds. Gispen, 27 Maart 1901. Archief De Cock. V.142

Van der Wall, wat van die eerste plaaslike inwoners was wat die kamp besoek het, tipeer hulle soos volg:

*And so they were – simple, unsophisticated farmers most of them, deeply religious. It was pathetic to see them at camp poring over the Bible, drawing inspiration and comfort from its pages (Van der Wall 1929:104).*

Daar is ook van hulle gesê:

*The Boer in his tropic camp lost nothing of his strong religious bent and the worshipful spirit nurtured in his homeland. As a matter of fact their naturally austere religious character was considerably strengthened by the irksomeness of a captive life, by the weary monotony of awaiting release, and the constant thinking of home and friends (Brohier 1946[2]:37-38).*

Dit beteken nie dat al die kampinwoners gelowiges was nie. Daar is genoegsame getuienis dat daar ongelowiges en verbitterdes onder die Boere was (kyk Wessels 2010:284,286). Van Biljon (s.j.: by 13 Des. 1902) vertel ook dat daar op 11 Desember 1902 'n spesiale diens “voor al de onbekeerden” was.

#### *Samewerking en “afskieding”*

Toe ds. genl. PH Roux van die NG Kerk Senekal later in Diyatalawa aankom,<sup>23</sup> is die werk dadelik verdeel: Postma sou vir Steynsburg sorg en Roux vir Krugersdorp, hoewel hulle gereeld “kansels geruil” het (Pretorius, s.j. by 24 September 1900). Ander predikante wat mettertyd in die kamp aangekom het, was di. G Murray van die NG Kerk Oudshoorn, DJ Minnaar van die NG Kerk Heilbron en G Thom van die NG Kerk Frankfort. 'n Predikant van die Metodistekerk in Ceylon het ook elke tweede Sondag 'n diens daar gehou vir dié wat tot ander kerke behoort het (Wessels 2010:237).

Postma se betrokkenheid by en liefde vir die onderwys het ook gou in die kamp na vore gekom. Hy en ds. PH Roux het 'n skool gestig en ook gesorg dat daar op georganiseerde wyse kategeseklasse aangebied word (Postma 1900:46).<sup>24</sup> Die Nederlanders het gereeld fondse aan die gevangenes gestuur wat aangewend is om die onderwysers 'n salaris van £2 per maand te betaal en om siekes met beter middele te versorg as wat in die hospitaal die geval was. Postma was een van die drie tesouriers wat hierdie fondse moes administreer (Brink 1904:158).

Aan die begin was die samewerking tussen die lidmate van die drie “Hollandse” kerke hartlik. Postma (1900:46) het in sy verslag aan die Kerkbode sy eie instelling duidelik gestel:

*In al deze samenkomsten ben ik steeds uitgegaan van de gedachte, wij moeten hier, waar men in de hutten samekomt, samen de diens des Heeren betrachten, één zijn in onze banden, en geene kerkelijke verschillen te weeg brengen.*

Postma se besondere instelling op die samewerking tussen lidmate van die verskillende kerke in die kamp word verder bevestig deur 'n getuigskrif van 'n onbekende krygsgevangene (Brink 1904:165):

*De Heer zij gedankt voor dezen Zijnen diens knecht. Arbeidzaam en inschikkelijk om ook hen, die niet tot zijn kerkgenootschap behoorden te gemoet te komen, zoo zelfs dat enkele zijner gemeenten en kerkeraadsliden meende, dat hij te veel toegaf.*

'n Aantal lidmate<sup>25</sup> van die Gereformeerde Kerk<sup>26</sup> in die Diyatalawa-kamp het egter mettertyd besware ontwikkel oor die godsdienstige klimaat in die kamp. Hulle het protesvergaderings gehou en hulle

<sup>23</sup> Hy is vir die eerste keer toegelaat om te preek op 22 September 1899 (Fick s.j.: by hierdie datum).

<sup>24</sup> Daar was ongeveer 250 kinders in die kamp (Brohier (1946[2]:36), maar ook bejaardes het die skool en kategeseklasse bygewoon (Roodt 1942. Jan 16:7).

<sup>25</sup> Die notule van 22 Mei 1901 verwys na 102 persone.

<sup>26</sup> Brohier meld twee keer dat daar in die plaaslike koerante na die “Doppers” in die Diyatalawa-kamp verwys word. Dit wil egter voorkom dat “Doppers” nie na die lidmate van die Gereformeerde Kerk verwys nie, maar na 'n bepaalde groep Boere in die kamp wat gekenmerk is deur 'n bepaalde lewenstyl. Wanneer Brohier (1946[2]:36) byvoorbeeld na die gemoedstoestand van die Boere verwys, merk hy op: “Now and again one saw some sour old Doppler irconcible, or an ill-conditioned youngster who glared sullenly...” Hy beskryf ook hoe die Boere krieket gespeel het: “Matches which pitted the Transvaalers against the Free Staters, or the Doppers of the Back Veldt against the Johannesburgers, became the order of the evening's play”. Laasgenoemde opmerking bevestig Spoelstra (1963:16) se oortuiging oor die herkoms van die woord

handelinge genotuleer. Teen hierdie tyd was di. Postma en Roux nie meer permanent in die kamp nie.<sup>27</sup> Die inleiding van die eerste notule wat hulle aan die begin van Mei 1901 gehou het, gee die redes vir hulle besware soos volg aan:

*Alzoo heef wij hier in Dijatalawa Kamp begonnen toen wij niet kon zamen gaan met de tydelik werken die niet meer op dezelfde voet staan als Ds. P. Postma hier begonnen heeft ... en daar opzienders en ledematen nu bezwaring heeft om zaam te gaan ...*

Só sterk het hulle gevoel oor die dweepsieke gees en rigting wat die verskillende “verenigen” (soos kerkhuisgodsdienste, bidure, Bybellesings en die Stewersvereniging<sup>28</sup>) mettertyd ingeslaan het, dat hulle besluit het om die ouderlinge en diakens<sup>29</sup> van die Gereformeerde Kerk te versoek dat hulle weer op die “gerevormeerde stelzel” bedien word.<sup>30</sup> Ouderlinge TAJ Potgieter en CHJ Booyens het blykbaar spoedig op hulle versoek gereageer en die notules vanaf 30 Mei 1901 neem die vorm van kerksaadnotules aan met die opskrif “*de gerevormeerde Kerkraad bijeen*”. Een van die ouderlinge was gekant teen die besluit om hulle van die daaglikse gesamentlike byeenkomste af te skei en meld dat hy aan ds. Postma geskryf het om aandag aan die probleem te gee.<sup>31</sup>

Reeds in ’n brief van 10 Mei 1901 aan Postma, waarvan ’n afskrif by die notules aangeheg is, sê hulle dat hulle hom steeds as hulle leraar beskou en versoek hom om hulle te bedien “*volgens de instelling der gerevormeerde leer ten behoeve van de uwe lidmaten*”.

Op ’n kerksaadvergadering van 4 Junie 1901 word ’n antwoord van ds. Postma voorgelees, aangesien hy nie teenwoordig was nie. Sy advies was: “*de broeders moet de zaak regeln op de bevredigste wijze*” en dat almal behoorlik in kennis gestel behoort te word. Daar word besluit dat afsonderlike dienste vir die Gereformeerdes gehou sou word na oorlegpleging met die ander predikante in die kamp. Op 11 Junie 1901 word verslag gedoen van die samesprekings met en reaksie van die ander predikante. Hoewel hulle nie in beginsel teen aparte samekomste was nie, was hulle tog van mening dat die saak na die “algemene vergadering”<sup>32</sup> verwys word. Volgens die notule van 4 Julie 1901<sup>33</sup> is daar by laasgenoemde vergadering besluit dat die saak liever moet oorstaan totdat Postma self teenwoordig kon wees.

Postma is weer op 11 Julie 1901 uit Kandy op besoek in Diyatalawa (Pretorius s.j.: by hierdie datum) en die volgende dag is hy by die kerksaadvergadering van die Gereformeerdes teenwoordig. Die kerksaadlede lig hom in oor die situasie. Postma probeer ’n uitkomst kry deur die vergadering te vra of hulle tevrede sou wees as daar op Sondag ’n afsonderlike diens vir hulle gereël word deur een van die predikante “*zonder het zingen van gezangen*”<sup>34</sup>. Dit was egter vir hulle nie aanvaarbaar nie. Die

---

“Dopper”, veral as in ag geneem word dat hierdie waarneming deur Nederlanders in Ceylon gemaak is wat as “burgers” bekend gestaan het (kyk Brink, 1904:65). Brohier het hierdie artikels in die *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* geskryf. Daar was ook nog ’n Nederduits Gereformeerde Kerk in Ceylon, waarvan die grootste gemeente in Colombo was (die sg. Wolfendahl-kerk) met omtrent 800 lidmate (Brink 1940:223-224).

<sup>27</sup> Postma was toe al in Kandy en Roux is deur die kampowerhede uit Diyatalawa verban na ’n eensame plek in Nuwara Eliya en verbied om weer in die kamp op te tree omdat hy ernstig en herhaaldelik by die kampkommandant gekla het oor die behandeling wat die Boere gekry het (Heyns 1930: 22-23).

<sup>28</sup> Die CSV is op 17 November 1900 deur ds. G. Murray in Hut 65A in die kamp gestig (kyk *De Strever* 19 Des 1901:3). Hulle het ’n koerantjie in die kamp uitgegee met die naam *De Strever*. Dit het tussen 19 Desember 1901 en 9 Augustus 1902 verskyn en is op ’n ou *Eagle*-drukkers gedruk wat by die Ceylonese gekoop is. Dit het godsdienstige artikels, notules van vergaderings en ander nuusitems bevat (Cheadle 2004:40).

<sup>29</sup> Daar was twintig kerksaadlede (kyk brief van beswaardes aan ds. Postma in Venter, s.j.).

<sup>30</sup> Daar was inderdaad radikale standpunte en optrede onder lede van die Stewersvereniging. Een van die bestuurslede het byvoorbeeld by ’n vergadering opgemerk dat iemand wat uit die Stewersvereniging bedank, ook God versaak (Fick s.j.: by 17 Nov 1901). Selfs waarnemers van buite het die verandering in die godsdienstige lewe van die inwoners van die kamp opgemerk. Brohier (1946[2]:38) meld dat die “*religious zeal*” mettertyd ontwikkel het in ’n “*mania*”. Weerstand hierteen het begin oplaai. By sy dagboekinskrywing van 30 September 1901 meld Fick (s.j.): “*Groot lawaai in kamp over geloofs genezing en ook over Chr. Stewers Vereeng.*” en by 1 November 1901 dat daar by die bestuursvergadering “*warme discussies*” oor die Stewersvereniging was. In die eerste uitgawe (19 Des 1901) van *De Strever*, die orgaan van die Stewersvereniging, skryf ds. Roux (1901:2) dat baie lede van die Stewersvereniging kla oor teenstand en veroordeling uit verskeie oorde. Daar was inderdaad ook lidmate van die NG Kerk wat bedenkinge gehad het oor die verhouding tussen die Stewersvereniging en die kerk. Een van hulle was P.H.H. Fick se broer, Jan, wat uit die CSV bedank het en op 24 Oktober 1901 sy agtienjarige seun Paul gedwing het om te bedank. Op 6 November 1901 bespreek hy die kwessie van die verhouding tussen die Vereniging en die kerk met die kerksaad in die kamp. Op 12 November 1901 het die voorsitter en sommige van die lede van Tak 3 ook bedank (Fick, s.j.: by hierdie datums).

<sup>31</sup> GKSA: Kerksaadnotule van die Gereformeerde Kerk in Diyatalawa van 30 Mei 1901. KG 44.

<sup>32</sup> Kyk kerksaadnotule van 13 Junie 1901 (GKSSA: KG 44). Die “algemene vergadering” is die gesamentlike kerksaadvergadering waarin al die kerksaadlede van die drie Afrikaanse kerke sitting gehad het.

<sup>33</sup> GKSA: Kerksaadnotule van die Gereformeerde Kerk in Diyatalawa van 4 Julie 1901. KG 44.

<sup>34</sup> Postma het, ten spyte van die houding van die Gereformeerde Kerk oor die gebruik van Gesange, nie geskroom om by eredienste Gesange te laat sing nie (kyk Van Biljon, s.j.: by 20 Des. 1901). Hy het sy oortuiging hieroor op 3 Februarie 1901 vanuit Diyatalawa in ’n brief aan prof. Jan Lion-Cachet (GKSA: KG:Cachet-5) soos volg verduidelik: “... *I make use of hymns that I consider orthodox. Our intelligent members get a new idea and see that hymns are not the great principle ... I*

probleem was groter as bloot die sang in die erediens. Postma het dit klaarblyklik ingesien, want die onderwerp het dadelik verander na die kwessie oor 'n geskikte vergaderplek. Dat Postma steeds die kerkraad beïnvloed het om nie heeltemal af te sien van samewerking met die ander kerke nie, blyk uit die vergadering se uiteindelige besluit dat hulle nie die saak van aparte dienste verder met die algemene kerkvergadering gaan bespreek nie, “*aangezien wij noch in het samenwerken blijf*”. Uit die notule van 2 Augustus 1901 blyk dit dat toestemming tog uiteindelik verkry is dat ouderlinge HP Steyn, SAJ Potgieter, Z Kruger en JJ Bloem die dienste vir die Gereformeerdes in 'n bepaalde hut kon lei.<sup>35</sup> *Die aard van Postma se woordbediening in die kamp*

Brink (1904:152) vertel hoe Postma van die begin af “Bijbellezingen” gehou het. By hierdie geleentheid (wat baie gewild onder die gevangenes was) is 'n onderwerp aangekondig. Ná 'n kort inleiding en uitleg van Postma het 'n bespreking gevolg. Die onderwerpe wat by hierdie geleentheid bespreek is, het inderdaad te doen gehad met die omstandighede waarin hulle hulle bevind het. Een daarvan was die verhaal van Josef in die tronk. Die gedagte is by hierdie geleentheid uitgespreek dat daar nie onder die krygsgevangenes 'n gees van verset moes wees nie, maar hulle moes daaraan dink in hoeverre hulle skuld gehad het aan die bittere lot wat hulle moes dra (kyk Brink 1904:152).

Uit verskeie dagboeke wat geraadpleeg is, is veertien verwysings gevind na Skrifgedeeltes en/of tekste waaruit Petrus Postma gepreek het. Slegs een redelik volledige opsomming van 'n preek kon opgespoor word. Vervolgens word hierdie verwysings in tabelvorm weergegee om 'n beeld te gee van die inhoud en aanslag van sy prediking.

Datum (bron)	Skrifgedeelte (teks)	(Moontlike) tema
9 Okt. 1900 (Pretorius, s.j.) <sup>36</sup>	Psalm 41	(Beskerming teen die vyand.)
2 Des. 1900 (Fick, s.j.)	1 Kon. 18 (42-44)	(Elia het tot sewe maal gebid.)
23 Des. 1900 (Fick, s.j.)	Hosea 2 (13-14)	(Om van die Here af weg te dwaal.)
28 Des. 1900 (Fick, s.j.)	Deut. 8 (3-6)	(Die Here lei en leer sy kinders in woestynomstandighede.)
6 Jan. 1901 (Pretorius, s.j.)	Num. 21 (Joh. 3:43)	“ <i>Gelyk de slang in de woestijn verhoogt was dat zij allen de ooggen moesten opslaan naar de koperslang also moet de zoon des menschen verhoogt word en wij moeten allen tot hem op zien om hulp en verlossing van onzen zonden.</i> ”
13 Jan. 1901 (Fick, s.j.)	1 Sam. 15 (34-35)	(Smart oor die verwerping van sondaars.)
20 Jan. 1901 (Fick, s.j.)	Mal. 3 (16)	(Die Here vergeet nie dié wat Hom vrees en eer nie.)
20 Jan. 1901 (Pretorius, s.j.)	Mark. 5 (36)	“ <i>Frees (sic) niet geloof alleenlijk.</i> ”
24 Jan. 1901 (Fick, s.j.)	2 Kon. 17 (9)	“ <i>Hoe wij onze zonde bemantelen als wy naar kerk gaan en daarby word de grootste en meeste zonde gedaan.</i> ”
12 Feb. 1901	Hosea 2 (3)	“ <i>Bekeert U! Wij zijn vervallen Ja! ver afgeweken.</i> ”
21 Feb. 1901 (Fick, s.j.)	2 Kon. 5	“ <i>Waar Naaman nie naar Elias woude hooren, van zijn melaatsheid genezen te worden.</i> ”
5 Mrt. 1901 (Fick, s.j.) <sup>37</sup>	Psalm 142 (4)	(Wanneer 'n mens verlore voel, neem jou toevlug tot God.)
14 Apr. 1901 (Fick, s.j.)	Joh. 21 (7)	(Die Here openbaar Homself op 'n besondere manier aan dié wat Hy lief het).

Die een preek waarvan 'n opsomming bestaan (kyk Wille s.j., 122-126), is op 14 Julie 1901 gehou. Die Skriflesing was Matteus 14:1-23 en die teks vers 12. Postma kontrasteer in hierdie preek die twee

---

*have always some difficulty with some conservatives. But I have learned now when having taken a certain standpoint a person must stick to it and stand firm*” (sic in Engels).

<sup>35</sup> Daar was ook ander insidente in die kamp wat die spanning tussen die NG en Gereformeerde lidmate na die oppervlak laat kom het. Op 31 Oktober 1901 was daar 'n algemene kerkvergadering “*waar Ds. Boshoff een der Gereformeerde Ouderlinge zeer hart over kop slaat over eerste vraag in Catechismus*” (Fick s.j.: by hierdie datum).

<sup>36</sup> Dit was by die verjaardagviering van president Kruger. Pretorius (s.j.: by hierdie datum) merk op: “*... werd ernstig voor hem gebeden*”. Fick (s.j.: by hierdie datum) skryf dat hy daardie aand 'n biduur by die Gereformeerdes onder leiding van oudl. Louis Kruger bygewoon het en merk op: “*het ging heel stigtelijk!*”

<sup>37</sup> Dit was Postma se afskeidspreek. Hy moes sy preek kort hou aangesien die weer dreigend was (Fick, s.j.: by hierdie datum).



feesmale waarvan daar in hierdie gedeelte sprake is: dié van Herodes wat uitgeloop het op die dood van Johannes die Doper, en dié van Jesus wat met niks begin het nie en uitgeloop het op genoeg kos vir 5 000 mans en twaalf mandjies kos wat oorgebly het. Hy pas hierdie kontras toe op dit wat die krygsgevangenes in die kamp beleef. Die tyding wat hulle ontvang van hulle vrouens en kinders wat in Suid-Afrika sterf, is vir hom soos die fees van Herodes. Die byeenkomste in die kamp waar die Woord aan hulle bedien word, is vir hom soos die fees van Jesus. Die feit dat die dissipels van Johannes die Doper vir Jesus kom vertel het van sy dood versinnebeeld volgens Postma die toeganklikheid van Jesus wat alle nood ken en altyd daarop antwoord.

Wat Venter (2000:21-22) oor sommige van Postma se naoorlogse preke opmerk, blyk ook van toepassing te wees op sy preke in die Diyatalawa-kamp: dit is tydgerigte prediking met duidelike motiewe, gefokus op die mense te midde van 'n vryheidstryd, met toepassings op die situasie van die hoorders. Stryd en 'n gepaardgaande begeerte na rus en vrede is motiewe wat telkens voorkom, hoewel die tema van vryheid (van die Engelse) as sodanig nie 'n primêre motief is nie. Vryheid in Christus as ware vryheid is sterker beklemtoon. Daar is boodskappe met die motief van troos in moeilike omstandighede en ook preke met die motief van persoonlike gebreke en sonde. In enkele gevalle, veral by die geleentheid van die viering van pres. Kruger se geboortedag en die preek van 14 Julie 1901, word die Bybelse vyand met die Engelse geïdentifiseer.

### **Gevolgtrekkings**

Vir gelowiges onder Postma se pastorale sorg het die oorlog individuele en gemeenskaplike godsdienstige krisisse gebring. Wanneer Christene hulle in omstandighede soos krygsgevangenskap bevind, neem die behoefte aan troos en die versekering van God se nabyheid toe. Postma se bediening in die Diyatalawa-kamp is 'n voorbeeld van 'n bedienaar van die Woord wat hierdie behoefte raakgesien en op verskeie maniere daarin probeer voorsien het: deur prediking, Bybelstudie, kategeese en persoonlike gesprekke. Hy het hierdie bediening binne die karakter van die gereformeerde leer gestalte laat kry. Die rol wat emosie mettertyd in die godsdienstige klimaat in die kamp begin speel en die wyse waarop Postma die spanning wat daarvoor ontstaan het, moes hanteer, beklemtoon egter die geestelike kwesbaarheid van mense wat deur oorlog ontwortel is.

Postma se prediking getuig van balans: hy het die Woord bedien deur troos te gee waar dit nodig was, maar ook nie geskroom om die gelowiges in daardie omstandighede op hulle sonde en gebreke te wys nie. Hy het egter ook in laasgenoemde geval die versoening in Christus verkondig. Sy prediking was egter nie sonder gebreke nie. Hoewel dit nie as 'n algemene probleem by hom aangedui kan word nie, is daar tog spore van allegoriese Skrifuitleg, soos in sy preek oor Matteus 14 wat van oorvergeesteliking getuig.

Al was hy 'n Gereformeerde predikant het hy tog 'n ander besondere behoefte raakgesien wat in die krygsgevangenskap bestaan het: behoefte aan 'n gemeenskaplike bediening aan gelowiges wat, al kom hulle uit verskillende kerkverbande, dieselfde lot gedeel en dieselfde geestelike versorging nodig gehad het. Hy het dit uitgesproke gedoen. Selfs lidmate uit die ander kerke het dit opgemerk en uit eie geledere was daar soms verwyte hieroor.

Selfs as in ag geneem word dat Postma ná sy vertrek uit die Diyatalawa-kamp steeds met pastorale werk elders voortgegaan het, is daar tog 'n vraagteken oor die redes waarom hy ná Maart 1901 so min aandag aan die Gereformeerdes in die Diyatalawa-kamp gegee het. Sy vrou en suster se koms na Ceylon het klaarblyklik vir hom die geleentheid gebied om die spanning te ontvlug wat daar mettertyd in die kamp tussen die Gereformeerdes en lidmate van die ander kerke ontstaan het. Hierdie optrede van hom herinner sterk aan sy ontvlugtings aan bepaalde omstandighede toe hy 'n jong man was. Die opmerking in sy brief aan ds. Gispens van Amsterdam, dat hy met vrymoedigheid uit die Diyatalawa-kamp kon gaan omdat daar nog twee predikante in die kamp was, oortuig nie. Daar was ten minste 4 000 manne in die kamp wat groot eise aan twee predikante gestel het. Die talle onbeantwoorde oproepe wat die Gereformeerdes in die kamp aan hom gerig het om meer betrokke bediening tel ook nie in sy guns nie. Tog moet 'n mens toegee dat die deursneepersoon sekerlik die kans sou aangegryp het om aan die kampelewe te ontsnap. Nietemin kry 'n mens besondere agting vir die predikante wat self ontwortel was en tog in moeilike omstandighede pastorale sorg verleen het aan manne wat in oorlogsomstandighede geestelik moes oorleef.

### **Bronne geraadpleeg**

Andrews, T 1983. *Pioneer sketches. (Church Street cemetery)*. Pretoria: Emagameni.

- Breytenbach, JH 1969. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika. Deel I. Die Boere-offensief Oktober – November 1899*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Brink, JN 1904. *Ceylon en de bannelingen*. Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.
- Britz, RM 1903. 'n (NG) gemeente in 'Het kamp te Blomfontein' gedurende die Anglo-Boereoorlog 1900-1903. *Acta Theologica* 23(1),1-22.
- Britz, RM 2007. "Now, what has become of our prayers and supplications?". Faith in an Anglo-Boer War concentration camp of 1901. *Acta Academica* 39, 21-44.
- Brohier, RL 1946(1). The Boer prisoners of war in Ceylon (1900-1902). *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(1), 1-6.
- Brohier, RL 1946(2). The Boer prisoners of war in Ceylon (1900-1902). *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 36(2), 35-47.
- Brohier, RL 1947. The Boer prisoners of war in Ceylon (1900-1902). *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 37(4), 101-120.
- Cheadle, B 2004. South African Serial Publications of the Anglo-Boer War. *Victorian Periodicals Review* 37(4), 25-45.
- Coetzee, PA 2010. Die ontstaansdatum van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom. 'n Teologies-kritiese studie. ThM-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.
- d'Assonville, VE 2001. *Totius se oorlogsdagboek*. Pretoria: Marnix.
- d'Assonville, VE & Van der Linde, GPL 1987. Postma, Petrus, in Beyers, CJ & Basson, JL (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek. Deel V*, 641. Pretoria: RGN.
- d'Assonville, VE 1993. *Dit is Totius. J.D. du Toit 1877 – 1953*. Pretoria: Marnix.
- De Maandbode. Tijdschrift gewijd aan de belangen der Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika.*
- De Strever: voor Christus en de kerk. Orgaan onder de krijgsgevangenen te Diyatalawa Kamp, Ceylon.*
- De Villiers, PGR 2009. Tranquility in the face of death: Calvinist spirituality in war. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 35(2), 119-139.
- Gemeentearchief, Kampen (GAK). *Archief De Cock*. V.142. Versameling Ds. WH Gispen: Ingekomen brieven en minuten van uitgegane brieven, 1872-1901.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – Argief (GKSAA). *Jan Lion Cachet-versameling*. KG:Cachet-5.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – Argief (GKSAA). *Notules van die Kerkraad van Pretoria (1.7.1898 – 12.10.1906)* 1.1.4 - 1.1.7.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – Argief (GKSAA). *Bylaes by die notules van die Kerkraad van Pretoria (1863-1949)*. 2.3.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – Argief (GKSAA). *Notules van die Gereformeerde Kerk van Diyatalawa*. KG 44.
- Handelinge van die Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Acta 1873.
- Jacobs, F 2003. *Suffering of war: a photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War*. Brandfort: Kraal.
- Kotzee, PD s.j. *Dagboek gehou tydens gevangenskap te Ceylon*. Kopie van manuskrip, Africana-versameling, NWU.
- Krüger, P 1991. Die Teologiese Skool Potchefstroom 1869-1919: 'n Kerkhistoriese studie. ThD-proefskrif, PU vir CHO.
- Laufs, D 1982. Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, K.P., en die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. ThM-Verhandeling, PU vir CHO.
- Lourens, JH 1960. Die geestelike bearbeiding van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te velde, in krygsgevangenekampe en konsentrasie-kampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). 'n Historiese en Kerkregtelike Studie. BA-skripsie, Universiteit van Stellenbosch.
- Pelser, PJ & Van der Schijf WG (reds.) 1965. *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg 1890-1965. Gedenkboek by geleentheid van die driekwart-eupees*. Potchefstroom: Herald.
- Postma, F 2002. *Paul Kruger. Christen, volksman en staatsman*. Pretoria: Bienenedell.
- Postma, M 1904. Voorwoord. In: *Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. Dertigste Jaargang*, 17-19.
- Postma, P 1900. De Krijgsgevangenen te Ceylon. *De Kerkbode* (18)3, 46-47.
- Postma, P 1904. In memoriam wijlen president S.J.P. Kruger. In: *Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, 1905, 23-30.
- Postma, P 1909. De Theologische School, in Lion Cachet, J. (red.), *Gedenkboek. De geschiedenis der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. Potchefstroom: Het Westen.
- Pretorius, CP s.j. *Dagboek*. Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 6024/1.

- Pretorius, F 1998. *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad: Struik.
- Roodt, K 1942. Godsdiens in die krygsgevangenekampe. Belangrike opvoedkundige werk deur predikante verrig. *Die Huisgenoot*, 16 Januarie, 7, 47; 23 Januarie, 9, 49.
- Roux, PH 1901. Iets uit die pen van Ds P.H. Roux. *De Strever* 1(1), 2.
- Spoelstra, B 1963. *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Van Biljon, FL s.j. *Dagboek*. Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 3554/1.
- Van der Schyff, PF 2003. *Wonderdaad ...! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid*. Paarl: Paarl Print.
- Van der Vyver, GCP s.j. *Die Gereformeerde Kerk Pretoria. 1859-1904*. Ongepubliseer.
- Van der Vyver, GCP 1969. *My erfenis is vir my mooi. Gedenkboek by die eeufees van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*. Potchefstroom: Herald.
- Van der Wall, EH 1929. The Boers at Diyatalawa. *Journal of the Dutch Burgher Union of Ceylon* 18(3), 103-106.
- Van der Watt, H s.j. *Dagboek*. Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 6993/1.
- Van Schoor, MCE 1983. *Die bannelinge. ABO-Boerekrygsgevangenes 1899-1902*. Bloemfontein: Dreyer-Drukkers.
- Van Warmelo, D 1977. *On Commando*. Johannesburg: AD Donker.
- Venter, CJH 2000. Prominente motiewe in 'n seleksie preke voor, tydens en na die Anglo-Boereoorlog. *In die Skriflig* (34)1, 17-34.
- Venter, FP s.j. *Dagboek gehou in die Diyatalawakamp op Ceylon*. Manuskrip, Africana-versameling, NWU.
- Venter, FWC 2010. *Persoonlike mededelings*. 7 September.
- Wessels, EM 2010. *Bannelinge in die vreemde*. Brandfort: Kraal.
- Wille, J s.j. *Aantekeninge oor preke in Ceylon*. Argief van die GKSA, Potchefstroom. ABO 1.